# Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

12 April 2024 Uitgawe: 2/2/2024

## UIT DIE KANTOOR

Die tweede week van hierdie kwartaal is reeds verby en daar word reeds volstoom gewerk.

Verlede Vrydag het die leerders hul kwartaalverslae ontvang. Graag herinner ek ouers aan die oueraand van eerskomende Dinsdag, 16 April. Heelwat ouers het reeds afsprake met personeel gemaak, maar indien u steeds nog 'n behoefte het om 'n onderwyser te kom sien, kan u gerus die kantoor skakel om 'n tydgleuf te bespreek. Personeel is reeds vanaf 16:00 af beskikbaar vir afsprake.

Verlede Saterdag was Tjokkies se Gr.1-dag. Meer as 600 spelertjies het op hierdie dag deelgeneem. As mens sien hoeveel voertuie rondom die skool parkeer was, kan ons aanneem dat hier ook vêr meer as 'n duisend toeskouers was. Die ouerkomitee moes behoorlik bontstaan met verkope. Op hierdie noot wil ek elke ouer wat op die dag sy hulp aangebied het, hartlik bedank vir u bereidwilligheid om te help. Ook 'n spesiale dankie aan die voorsitter van die gr.1 ouerkomitee, mev. Beaulah Grobbelaar, en haar span wat reeds van vroeg af besig was met voorbereidings van hierdie dag. Dit was 'n groot spanpoging en uiters suksesvol. Baie geluk.

Vandag speel ons rugby- en netbalspanne in ons eerste wedstryde vir die Wesgrow-kompetisie teen Primêre Skool Truida Kestell van Bethlehem (sien verduideliking van reëls hierby aangeheg). U het reeds in die week die nodige inligting ontvang watter spanne almal betrokke is asook die program van vandag. Om hierdie rede sal die skool **vandag reeds om 11:00 verdaag.** Personeel wat nie betrokke is by die dag nie, sal steeds aan diens wees by die skool tot 13:30. Die Nasorgstudiesentrum sal egter normaal voortgaan.

## ANDER

**Personeelsake**

Tjokkies verwelkom graag vir Juf. Marika Thompson by Gr. 2D in die plek van Juf. Carli Wessels wat na die RO-afdeling verskuif. Juf. Thompson is 'n baie bekwame onderwyser met 13 jaar ondervinding in die GSF. Sy is ook 'n baie bekwame netbalafrigter.

Mnr. Nicol Klopper is aangestel by die Musiekdepartement en sal vanaf 2 Mei die kitaarlesse behartig. Hy is in die plek van juf. Retha van der Merwe wat verlede kwartaal oorlede is.

Ons vertrou dat hierdie nuwe kollegas sommer vinnig sal deel word van die Tjokkie-familie.

## BELANGRIKE DATUMS

12 April: Rugby/Netbal vs Truida Kestell

15 April: Rugbyliga vs Grey Kollege - weg (slegs A- en B-spanne)

Rugbyliga vs Dr Visser – weg (slegs C- en D-spanne)

16 April: Gr.1-7 Oueraand

2$^{de}$ Rondte Vrystaat Rugbyproewe (o/12 & o/13)

1$^{ste}$ rondte Motheo o/12 & o/13 Netbalproewe

18 April: Kleuterskool Oueraand

19-20 April: 2$^{de}$ Rondte Motheo o/12 & o/13 Netbalproewe

19 April: GSF Hoofdedag

SA Swemkampioenskappe


## VERJAARSDAE

13 April: Mev. Daleen Vermaak (Finansies)

16 April: Juf. Mariandel Nortje (Gr. 2)

17 April: Mev. Sanet Horn (KS)

19 April: Mnr. Simon Nieuwoudt (Gr. 6)



## KAALVOETKAFEE

**Kaalvoetkafee (Vicky of Geolène):**
**082 612 7756**
**E-posadres:**
**kaalvoetkafee@tjokkies.co.za**

## #TJOKKIESHOP / KLEREBANK

**Die weeklikse tye van die #Tjokkieshop / klerebank is as volg:**

| | |
|---|---|
| Maandae en Vrydae | 12:30 – 14:00 |
| Woensdae | 07:30 – 8:30 |

## KLEUTERSKOOL



# VAN DIE MAMMAS WAT BID

Baiekeer wens ons so dat iemand ons kan raaksien of ons bietjie bederf. Die storms, donker wolke en negatiewe van die lewe kom pootjie ons en ons weet 'n vriendelike woord, glimlag, en/of daad gaan ons sommer baie beter laat voel. En dit is waar die misterie van 'n lewe saam met Jesus lê - Hy weet dat as ons vir ander goed is, dan word ons behoeftes ook vervul.

"Soos julle wil hê die mense aan julle moet doen, **doen** ook so aan hulle." Lukas 6:31

"Dit maak 'n mens gelukkiger om te gee as om te ontvang." Handelinge 20:35

Probeer dus hierdie week, as jy self bekommerd of af voel, om na ander uit te reik en iets mooi en goed vir hulle te doen. En beleef dan hoe daardie silwer randjie om die donker wolk in jou eie lewe meer sigbaar en duideliker raak.



# DISLEKSIE PRAATJIE




https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSecyDrz7nTqsvCBkQkBs-Lh282n_ysVMsXkkVhMPIr33eQQmw/viewform?vc=0&c=0&w=1&flr=0


OPE-AAND
Alle toekomstige
graad 8-leerders van 2025, hul ouers
en koshuisouers word uitgenooi.
15 April 2024
MAANDAG
18:00 - 20:30
JF-Skoolsaal
Koshuisbesigtiging na
die verrigtinge welkom.
JF is die verskil
Tyd is Kosbaar
#trotsJF




Aton *(ät'n)*
*noun*

A navigational aid (navaid), also known as aid to navigation (ATON), is any sort of marker which aids the traveler in navigation, usually nautical or aviation travel. Common types of such aids include lighthouses, buoys, fog signals, and day beacons.

ATON
WEALTH NAVIGATION
Authorised Financial Services Provider. FSP # 48449

T +27 51 430 0302
C +27 82 903 4582
E horace@atonwealth.com

## Specialised Investment Services




# HOËRSKOOL FICHARDTPARK

WAAR FICHIES GLO DIEN EN WERK

FICHIES NOOI JOU UIT NA ONS

# OPE-AAND

18H00 | 18 APRIL 2024

PLATTELANDSE LEERDERS WELKOM OM DIE KOSHUIS TE BESIGTIG